## BOEKBESPREKINGS

### UITGAWES EN HERDRUKKE VAN DIE STAATSBIBLIOTEEK, PRETORIA

Die Staatsbiblioteek het met 'n interessante reeks uitgawes en herdrukke begin. Eintlik is daar drie reekse, nl.

1) Monografieë van die Drukkuns-museum waarvan nr. 1 tot dusver onder ons aandag gekom het;
2) Bibliografieë (Bibliographies) waarvan nrs. 7, 9 en 14 aan ons gestuur is; en
3) Herdrukke (Reprints) eintlik reproduksies volgens die fotografiese kopieerstelsel. Veral laasgenoemde is vir die historikus en Africana-kenner van belang; dit het alreeds uitgegroei tot 'n belangrike reeks. Dit is meestal boeke of offisiële stukke van nie te groot omvang nie, wat tans skaars of haas onverkrygbaar is.

Daar kan waarskynlik kritiek uitgebring word op die keuse van werke wat in die reeks herdruk word. 'n Mens vra jou soms af waarom juis hierdie of daardie publikasie vir reproduksie in aanmerking gekom het. Dit dien egter geen doel om sulke vrae te bespreek nie. Die meeste van die herdrukke is egter van belang en die Staatsbiblioteek kan geluk gewens word met die onderneming.

Hieronder volg 'n aantal van die publikasies wat ons toegestuur is. Elkeen word net kortliks bekend gestel, want uiteraard geld dit hier bekende werke (vir die historikus altans) wat geen uitvoerige resensie behoef nie, iets wat weens plaasgebrek ook nie moontlik is nie.

1. Ploeger, Dr. Jan en Orban, H.: *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatskappy Beperk (1873-1960)* pp.40. Wallachs' Drukkers ens. Pretoria, 1960. (Die Staatsbiblioteek Pretoria. Monografieë van die Drukkuns-museum nr. 1.)

Hierdie beknopte oorsig van die lotgevalle van 'n koerant en 'n drukkery vorm 'n interessante stukkie Pers-geskiedenis. Die eerste gedeelte handel oor *Die Volkstem* onder die opeenvolgende redakteurs: J. F. Cilliers (1873-1888), W. Jonker (1888-1889), F. V. Engelenburg (1889-1929), G. S. Preller (1924-1925), N. Levi (waarn. 1925-1929), C. S. Coetzee (1929-1942), M. C. de Kock (1942-1951). Dat dit hier 'n koerant geld wat wel deeglik 'n plek in die geskiedenis van ons land het, kom duidelik na vore. Die tweede gedeelte handel oor die drukkers en uitgewers wat die koerant uitgegee het. Onder die publikasies wat hieruit voortgekom het, is daar verskeie wat in die loop van jare kultuur-historiese betekenis gekry het, o.a. *Die Vlakte en ander gedigte* van Jan F. E. Celliers (1906), *Die Brandwag* (1910-1922) en *Piet Retief* van G. S. Preller (5e druk 1908).

2. Schutte, P. J.: *'n Beredeneerde gesamentlike katalogus van Groenboeke van die Zuid-Afrikaansche Republiek.* pp.XVII, 170. Die Staatsbiblioteek Bibliografieë no. 9 Pretoria, 1966.

In hierdie katalogus word rekenskap gegee van alle groenboeke wat deur die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek tussen 1881 en 1900 uitgegee is. Die katalogus wat vir elke student en navorser oor die geskiedenis van die Republiek, van onmisbare hulp is, bestaan uit die volgende afdelings:

a) 'n Lys van groenboeke alfabeties gerangskik volgens onderwerpe;
b) 'n Kronologiese lys van groenboeke; en

c) 'n Indeks.

3. Bibliographies/Bibliografieë No. 7. *South West Afrika/Suidwes-Afrika.* Compiled by/Saamgestel deur Theo de Jager. pp. 216. State Library/Staatsbiblioteek, Pretoria, 1964.

In hierdie bundel wat as no. 7 van die reeks bibliografieë van die Staatsbiblioteek in Pretoria die lig gesien het, word 'n baie volledige lys van werke opgeneem wat op die geskiedenis van Suidwes-Afrika betrekking het. Tydskrifartikels is nie in die lys opgeneem nie behalwe wanneer dit as herdrukke in pamfletvorm verskyn het. Die rangskikking van die werke is streng alfabeties. 'n Volledige indeks verhoog die gebruikswaarde van die werk.

4. Spohr, Otto H., *German Africana.* German publications on South- and South West Africa. pp. XIV. 331, The State Library Bibliographies no. 14, Pretoria, 1968.

In hierdie bundel word so volledig moontlik rekenskap gegee van alle werke wat in Duits oor Suid- en Suidwes-Afrika verskyn het. Die bruikbaarheid van die werk word baie verhoog deurdat 'n noukeurige aanduiding gegee word van die Suid-Afrikaanse biblioteke waar die werke aangetref word. Die bundel is no. 14 in die reeks van biografieë wat deur die Staatsbiblioteek in Pretoria uitgegee word.

5. *Instructies voor het Departement van Inspectie der Zuid-Afrikaansche Republiek alsmede De Generale Instructie.* Rapport in zake Verantwoordelijkheid van Hoofdambtenaren, Instructie voor den Vormuitdeeler en daarbij betrokken Ambtenaren en Instructies uitgevaardigd door Departementshoofden door middel van Circulaires, Pretoria, 1897. pp. 286/XIII. Die Staatsbiblioteek Herdrukke no. 13, Pretoria, 1967.

Die regering van die Z.A.R. het dit nodig gevind om ter wille van sy amptenare wat met finansiële aangeleenthede te make gehad het, alle instruksies wat tot 1897 verskyn het, in een bundel saam te vat. Uiteraard verskyn in die werk dus ook besonderhede wat normaalweg nie as baie belangrik beskou kan word nie. Alles in ag geneem het ons hier tog met 'n baie belangrike naslaanwerk te doen omdat hierin die werksaamhede van elke staatsdepartement weerspieël word.

6. Robinson, John, edited by, *Notes on Natal: an old Colonist's book for new settlers.* Robinson and Vause, Durban, 1872. Pp. XXXIV, 239. The State Library Reprints no. 11, Pretoria, 1967.

Die werk wat oorspronklik in 1872 verskyn het, is geskryf met die bedoeling om voorligting aan nuwe en voornemende intrekkers in Natal te gee. Die gebied van die destydse kolonie word in verskillende streke ingedeel en al die belangrikste kenmerke van elke streek min of meer oorsigtelik behandel. Dit is begryplik dat baie aandag aan boerdery en ander ekonomiese moontlikhede gegee word.

7. Uitspraak van den Arbiter ten opzichte van de zaken in geschil tusschen de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en de Regeering Harer Majesteit de koningin van Groot Britannië en Ierland betrekkelijk *Artikel 14 der Conventie van Londen,* Wet no. 3 van 1885 der Z.A.R., zools gewijzigd in 1886, en zeker correspondentie tusschen de beide Regeeringen. pp. 22. Die Staatsbiblioteek herdrukke no. 16. Pretoria, 1967.

Toe daar in die loop van 1895 'n verskil van mening tussen die regerings van die Z.A.R. en Groot-Brittanje oor die interpretasie van artikel 14 van die Konvensie van Londen ontstaan het, is ooreengekom om die aangeleentheid vir arbitrasie na regter Melius de Villiers van die Oranje-Vrystaat te verwys. Die beredeneerde uitspraak van die regter wat in 1895 in vertaalde vorm as 'n groenboek deur die regering van die Z.A.R. uitgegee is, het nou as herdruk no. 16 van die Staatsbiblioteek in Pretoria verskyn.

8. *The Birth of the Bond,* a translation from a Dutch pamphlet issued in 1882 entitled *"De Transvaalse Oorlog".* State Library, Pretoria, Reprints No. 28, Pretoria, 1968.

In 1882 het 'n pamflet verskyn getiteld *De Transvaalse Oorlog* waarin 'n aantal hoofartikels opgeneem is wat voorheen in *Di Patriot* verskyn het. Van Engelse kant is hierin die hand van die Afrikaner Bond gesien en die Eerste Vryheidsoorlog die resultaat van sameswerings in Bondkringe. In 1900 is die pamflet vertaal en die titel *The Birth of the Bond* daaraan gegee.

9. Rechtsgeleerd Advies van prof. dr. V. Ehrenberg te Göttingen in zake *De Zuid-Afrikaansche Fabrieken voor ontplofbare stoffen, Beperkt* te Pretoria (Transvaal). pp. 31. Staatsbiblioteek herdrukke no. 5. Pretoria 1967.

In Mei 1894 het die Suid-Afrikaanse Republiek 'n staatsmonopolie vir die vervaardiging van dinamiet aan L. G. Vorstman toegestaan, wat daarop *De Zuid-Afrikaansche Fabrieken voor ontplofbare stoffen, Beperkt,* gestig het. Klagte teen hierdie maatskappy het in 1897 'n kommissie van Ondersoek ten gevolge gehad wat bevind het dat die kontrak met die Z.A.R. nie in alle opsigte nagekom is nie. Veral was van belang die vraag of die regering die maatskappy verder sou toelaat om ontplofbare stowwe in te voer, terwyl die pryse ook in gedrang was. Onder hierdie omstandighede het die maatskappy, ten einde hom van sy regsposisie te vergewis, besluit om hom tot prof. V. Ehrenberg van Göttingen te wend. Sy regsadvies is dan die inhoud van bogenoemde publikasie.

10. Mdhluli: S. V. H., *The development of the African.* Marian Hill Mission Press, Natal, 1933. pp.64. The State Library Reprints no. 20. Pretoria, 1968.

Hierdie werk is vir die Bantoe geskryf en het die opheffing van die Bantoe ten doel, terwyl uiteraard enkele aspekte van die kontaksituasie tussen blank en nie-blank ook aangesny word. Die skrywer gee telkens 'n oorsig van wat die Bantoe reeds o.a. ten opsigte van organisasies, die koerantwese, die onderwys en die ekonomie bereik het. Hy toon aan wat die Bantoe te doen staan om hom by veranderde tye en omstandighede aan te pas.

11. Transvaal Native Affairs Department. *Short History of the Native Tribes of the Transvaal.* 1905. Government Printing and Stationary Office, pp.67. The State Library Reprints no. 24. Pretoria, 1968.

In 1905 het die Transvaalse Departement van Naturellesake bostaande publikasie die lig laat sien. Dit is feitlik in sy geheel saamgestel uit inligting wat die amptenare van die departement in hulle onderskeie distrikte uit naturelle-oorlewering ingesamel het. Die geskiedenis van die onderskeie stamme word behandel, genealogieë oor die kapteins word verstrek, woongebiede word aangedui, ens. — inderdaad 'n waardevolle publikasie vir iemand wat inligting oor die Transvaalse Bantoe-bevolking verlang.

12. *Native labour in South Africa.* A report of a public meeting jointly convened by The Aborigines Protection Society and The British and Foreign Anti-Slavery Society which was held at Caxton Hall, Westminister on 29th April, 1903. London. P. S. King and son, 1903. pp. 20. The State Library Reprints no. 25. Pretoria, 1968.

Hierdie publikasie is 'n verslag van 'n openbare vergadering wat op 29 April 1903 in Caxton Hall, Westminster, gehou is, gesamentlik deur die *Aborigines Protection Society* en die *British and Foreign Anti-slavery Society* belê. Die vergadering is gehou as reaksie op die pogings wat onder die Milner-regime in Transvaal te werk gestel is om Naturelle-arbeiders vir die Witwatersrandse goudmyne te werf.

13. *Light on Dark South Africa,* London, P. S. King and son, 1900. pp.20. The State Library Reprints no. 27. Pretoria 1968.

Soos die naam daarvan aandui het bogenoemde anonieme pamflet as doel om die Britse publiek in te lig oor die standpunt van die Suid-Afrikaanse Republiek in sake die gebeure wat op die Tweede Vryheidsoorlog uitgeloop het. Met dit as uitgangspunt word 'n beknopte beskrywing gegee van die politieke strydvrae en diplomatieke verwikkelings wat genoemde oorlog voorafgegaan het.

14. Jonkman, dr. H. F.: *Mededeelingen over Zuid-Afrika.* Nederlandsch-Zuidafrikaansche Vereeniging. Die Staatsbiblioteek herdrukke no. 31, Pretoria, 1968.

In 1880 is daar in Nederland onder leiding van prof. Harting van Utrecht die *Comité tot de behartiging van de belangen der Transvaalsche Boeren* in die lewe geroep, waarvan die hoofdoel was om die openbare mening ten gunste van die Boere te beïnvloed. In Mei 1881 het dié komitee oorgegaan tot die stigting van die *Nederlandsch Zuidafrikaansche Vereeniging.*

Ten einde beter op hoogte te wees met behoeftes van die Transvalers en die moontlik hulp wat vanuit Nederland verstrek kon word, het die N.Z.A.V. in 1883 dr. H. F. Jonkman as vertrouensman na Transvaal gestuur. Die inligting wat hy op hierdie sending ingewin het is dan die inhoud van bostaande publikasie. Hoewel die mededelings grootliks bestaan uit 'n beskrywing van Jonkman se reis na Transvaal, gee hy nietemin 'n interessante verslag van plaaslike toestande en van die sake van die dag tydens sy verblyf in Pretoria.

15. Schoon, H. F. geredigeerd door, *Uit het dagboek van Erasmus Smit,* predikant bij de Voortrekkers. Kaapstad, Townshend, Taylor and Snashall, Drukkers, 1897. pp. 108. Die Staatsbiblioteek herdrukke no. 10. Pretoria, 1967.

Vir persone wat in die Voortrekkertydperk belangstel, sal die herdruk van die *Dagboek van Erasmus Smit* baie welkom wees. Dit is nl. 'n herdruk van die uitgawe van 1896, versorg deur ds. H. F. Schoon. Soos bekend het G. S. Preller in 1920 die dagboek in Deel II van sy Voortrekkermense opgeneem omdat „die Schoon-uitgaaf . . . . sedert lang uit druk" was. Tans kan dieselfde van die Preller-uitgawe gesê word. Soos bekend het die oorspronklike dagboek tydens die Tweede Vryheidsoorlog verlore gegaan. Ds. Schoon het indertyd sekere gedeeltes weggelaat, nl. „alles wat mij toescheen van weinig of geen belang voor het publiek te zijn" bv. „menige Godsdienstoefening, Doopsbediening, Huwelijksvoltrekking en wat dies meer sij" terwyl hy ook die vryheid geneem het „om die Schoon-uitgawe vereenvoudig „aangesien dit tog nie meer die spelling is

stijl en spelling te verbeteren". Op sy beurt het Preller weer die spelling van die Schoon-uitgawe vereenvoudig „aangesien dit tog nie meer die spelling is van die outeur nie". Ewenwel, miskien is die Schoon-teks die naaste aan die oorspronklike en ook daarom is hierdie herdruk daarvan te verwelkom.

16. Rapport der Commissie van de *Zuid-Afrikaansch Republiek en den Oranje Vrijstaat* tot gelykvormigmaking, zoover doenlijk, van de Constituties der beide Staten. pp. 2. Die Staatsbiblioteek herdrukke no. 12, Pretoria, 1967.

In Januarie 1898 is 'n gesamentlike kommissie van die Z.A.R. en die O.V.S. benoem bestaande uit S. W. Burger (voors.), R. Gregorowski, J. P. Meyer en W. H. van Niekerk, vir Transvaal en P. J. Blignaut, M. de Villiers, C. H. Wessels en B. C. Greyling vir die Vrystaat, met opdrag om die onderskeie konstitusies meer gelykvormig te maak. Die resultaat was 'n baie kort verslag wat hier herdruk word. Dit is belangrik as een van die dokumente wat die toenadering tussen die twee susterrepublieke tot mekaar illustreer.

17. Cloete Henry, *Five lectures on the emigration of the Dutch farmers from the Colony of the Cape of Good Hope and their settlement in the District of Natal until the year 1843*. pp. 168. The State Library Reprints, no. 22. Pretoria, 1968.

Nog 'n belangrike publikasie i.v.m. die Voortrekkers is Cloete se vyf voorlesings wat hier herdruk word. Oor die waarde daarvan as een van die eerste redelik objektiewe oorsigte van die gebeurtenisse van die Groot Trek hoef hier nie uitgewy te word nie. Gedurende die res van die 19de eeu is dit as so gesaghebbend beskou dat verskeie skrywers oor ons geskiedenis dit meestal sonder meer in hulel boeke oorgeneem het waar dié besondere tydperk onder behandeling kom. Tans beskou ons dit as 'n belangrike tydsdokument maar ook nog steeds as belangrik vir die feitelike gegewens wat daarin verstrek word. Die herdruk hiervan is baie welkom.

18. Fynney, Fred. B.: *Zululand and the Zulus, being an enlargement upon Two Lectures* delivered by Fred. B. Fynney, inspector of Native Schools, Natal (late Border Agent), under the title of *The rise and fall of the Zulu Nation and our Native Tribes; their customs, superstitions and beliefs.* Printed and published by Horne Bros., Pietermartizburg. pp. 18. The State Library reprints no. 18. Pretoria, 1967.

Nog 'n boek wat voortkom uit voorlesings is bogenoemde werk van Fynney. Dit is 'n baie beknopte oorsig van die Zoeloegeskiedenis. Waar dit hier grotendeels 'n stuk geskiedenis geld waaroor daar geen dokumente-neerslag bestaan nie, is hierdie vroeë geskrif deur iemand wat goed op hoogte was, besonder waardevol.

19. Jenkinson, Thomas B. *Amazulu.* The Zulus, their past history, manners, customs and language with observations on the country and its productions, climate, etc. The Zulu War, and Zululand since the war. London, W. H. Allen and Co., 1882. pp. x, 215. The State Library Reprints No. 23. Pretoria, 1968.

Bostaande werk van T. B. Jenkinson oor die Zoeloes sluit by voorgaande aan maar alleen in soverre dit die Zoeloes as onderwerp het. Dit bevat grotendeels die persoonlike ondervinding van die skrywer wat in 1879 as sendeling na Natal gekom het, meestal in die vorm van 'n dagboek. Waar hy dit oor die Zoeloegeskiedenis het gee hy grootliks gedeeltes uit die werke van ander skrywers woordeliks weer. Die boek is enigsins beïnvloed deur die Zoeloe-oorlog en

die Eerste Vryheidsoorlog en miskien juis daarom vir die hedendaagse leser interessant.

20. Rapporten over den bouw en de exploitatie der spoorwegen der *Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatskappij* uitgebracht in den Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, zitting 1892. (Overgedrukt uit de Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek). pp.56. De Staatsbiblioteek herdrukke no. 15. Pretoria, 1967.

Soos bekend het die N.Z.A.S.M. 'n veelbewoë geskiedenis in Transvaal gehad voor die Oosterspoor voltooi is. Daar was baie kritiek en teenwerking, ook binne die Volksraad. Vandaar dat dit nodig was om van tyd tot tyd 'n vorderingsverslag of rapport uit te bring. Bostaande rapporte is in 1892 in die Volksraad ter tafel gelê. Dit bestaan uit: a) 'n verslag van dr. W. J. Leyds as regeringskommissaris by die plaaslike bestuur van die N.Z.A.S.M. met 'n bylaag en b) 'n verslag van die *Commissie benoemd bij besluit van den Ed.-Achtb. Eersten Volksraad d.d. 19 Julie 1892* (voorsitter J. P. Meyer). Op hierdie stadium was die *Suiderlyn,* Pretoria tot Vereeniging, feitlik voltooi terwyl die Oosterlyn van Lourenco Marques tot op Nelspruit in werking was.

21. Afschriften van eenige brieven en telegrammen gewisseld tusschen *N.Z.A.S.M. en C.G.R.* in de eerste maanden van 1895. (Vervolg op Groenboek no. 1. 1895). pp. 15. Staatsbiblioteek herdrukke no. 6. Pretoria, 1967.

Bogenoemde Groenboek het ook verband met die N.Z.A.S.M. en gaan hoofsaaklik oor tariewe. In 1895 was die Oosterspoor voltooi en het die tariewe wat op die spoor van toepassing was en die verskil daarvan ten opsigte van die van die Kaapse spoorweg (C.G.R.) wat vanuit die suide met Transvaal verbind was, 'n brandende kwessie geword. Vandaar die briefwisseling wat in hierdie publikasie opgeneem is.

22. *Süd-Afrika english oder deutsch-holländisch?* von einem Deutschen aus Süd-Afrika, Berlin, Vita, Deutsches Verslagshaus, 1899. pp. 31. Die Staatsbiblioteek herdrukke no. 26. Pretoria, 1968.

Bostaande was eintlik 'n propagandastuk wat as doel gehad het om die Duitsers vir Transvaal te interesseer en Duitsland self te beweeg om in die krisis in te gryp. „Die Hände weg von unseren Brüdern in Südafrika" en „Südafrika niederdeutsch" — dit som ongeveer die gees van die boekie op. Dit is in 'n lewendige, boeiende trant geskryf en bevat 'n kort oorsig van die geskiedenis van die Boere. As tydsdokument is dit baie interessant. Wie die skrywer was,

A. N. Pelzer
W. A. Stals
F. J. du T. Spies.

Trefois, C., Punt, W. en Ploeger, J., *Ons Kaapse Gewels/Our Cape Gables. Pp. 92,* R1.40, Stigting Simon van der Stel. Pretoria, 1968.

Die Stigting *Simon van der stel* het party gekies in die diskussie oor die oorsprong van die Kaaps-Hollandse boustyl met sy publikasie *Ons Kaapse Gewels* wat in Oktober 1968 verskyn het. In 1962 het dr. Jan van der Meulen te Marburg, Duitsland, gepromoveer op 'n proefskrif waarin hy betoog dat dié boustyl

sy onstaan in Noordwes-Duitsland vind, in die besonder in Sleeswyk-Holstein, Die antwoord het nie uitgebly nie. In die maandblad *Zuid Afrika* (Amsterdam, 1965, bls. 148-149) het die onlangs oorlede, bekende kunshistorikus, prof. M. D. Ozinga, Van der Meulen se stelling met beslistheid ontken. Om die Nederlandse oorsprong van dié styl met meer nadruk teenoor Afrikaners te beklemtoon, het die Stigting S. van der Stel die Vlaamse argitek, Clemens Trefois in *Ons Kaapse Gewels* aan die woord gestel, in Nederlands en Engels. Hy wys met talryke voorbeelde en afbeeldings op die Nederlandse bestanddele van dié styl, afkomstig uit die Belgiese en Nederlandse kusgebied. Van daar het die styl hom in die 17e en 18e eeu verbrei na Noord-Duitsland tot diep in Sleeswyk-Holstein.

Trefois wys op die smal grondslag van feite waarop Van der Meulen te ligvaardig sy betoog baseer. Weens die Vlaams-Brabantse bestanddele in die Kaaps-Hollandse boustyl kon dit beter Kaaps-Nederlands heet, wat sowel Nederland as België omvat. Sy betoog is oortuigend, maar ek sou in sy artikel graag voorbeelde van die boustyl in Sleeswyk-Holstein gesien het, omdat die diskussie dáárom draai.

Dr. W. Punt, direkteur van die Stigting S. v.d. Stel, het 'n artikel *'n Vergete Wêreldryk* bygedra, gebaseer op sy reis na vroeëre Nederlandse gebiede in die Amerika's en na buurlande van Nederland in 1966. Die vergete wêreldryk is die koloniale ryk van die Nederlandse republiek. Hy toon die treffende ooreenkomste tussen die boukuns in Nederland en sy kolonies aan. Veral die huise op die Nederlandse Antille besit opvallende gelykenis met dié in die Kaapkolonie. Soos prof. Ozinga opgemerk het, is dit baie onwaarskynlik dat dié boukuns hom nie vanuit Nederland, maar vanuit Noord-Duitsland na oorsee verbrei het.

Dr. Punt ontken dat die Kaaps-Hollandse gewelbou alleen tussen die berge van die Westelike Provinsie tot sy reg kan kom. Hy wys daarop dat dié bou afkomstig is uit die plat, lae Nederlande en dus ook op die Hoëveld en elders kan aard.

Dr. J. Ploeger, militêr historikus, weerlê 'n tweede verkeerde opvatting, naamlik dat die Kaapstadse kasteel gebaseer is op 'n plan van die Franse vestingboukundige Vauban. Hy skets taamlik uitvoerig die geskiedenis van die Nederlandse vestingboukunde tot en met die beroemde Menno van Coehoorn. Hy betoog dat die Kasteel ontwerp is voor die aktiwiteit van Vauban tydens die veroweringsoorloë van Lodewyk XIV en dat die Oos-Indiese Kompanje geen behoefte gehad het aan Vauban se dienste nie, omdat dié Fransman 'n waardige teenhanger gevind het in die bekwame Van Coehoorn. Goewerneur C. J. van de Graaff was 'n genie-offisier uit die skool van Van Coehoorn. Dit is nie toevallig dat hy 'n verdedigingswerk wat hy tussen die Kasteel en Duiwelskop aangelê het, „Coehoorn" genoem het nie.

*Ons Kaapse Gewels* is 'n deeglike, uitvoerig geïllustreerde publikasie waarvoor die Stigting 'n kompliment verdien.

C. de Jong.

Bakkes, C. M. *Die militêre situasie aan die Benede-Tugela op die vooraand van die Britse deurbraak by Pietershoogte (26 Februarie 1900)*, Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, jg 30, deel I. Johannesburg, 1967 Prys R5.00 (buiteland: R6.25).

Bogenoemde studie is, met prof. dr A. N. Pelzer as studieleier en promotor, deur die skrywer onderneem ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die magistergraad in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte (Universiteit van Pretoria) en val tans, na publikasie in die Argief-jaarboekreeks (pp. 1-71D), binne die bereik van alle belangstellendes t.o.v. 'n besondere aspek van 'n veelbewoë tydperk in ons vaderlandse geskiedenis.

Die skrywer het hom ten doel gestel om, soos hy dit gestel het, 'n volledige rekonstruksie van 'n betekenisvolle dag uit die Suid-Afrikaanse krygsverlede aan te bied, terwyl hy hom tewens beywer het om 'n noukeurige maatstaf ter hand te stel wat, indien as beoordelingsmiddel aangelê, die redes vir welslae en mislukking op die slagveld openbaar. (Voorwoord.)

Dit is 'n studie wat van deeglike, vakkundige skoling en noukeurige navorsing en — in verskeie opsigte — van die vermoë getuig om op grond van feitemateriaal wat aan streng wetenskaplike maatstawwe getoets is, tot 'n verantwoorde rekonstruksie hiervan oor te gaan.

Die onderwerp is militêr-histories van aard en ook in hierdie opsig het die skrywer, wat gedurende 'n lang tydperk militêre geskiedenis aan die Militêre Akademie, Saldanhabaai, onderrig het, meerdere bewyse van sy militêre agtergrond en die geykte wyse van ontleed, beskryf en saamvat aan die dag gelê wat by 'n sodanige onderwerp pas.

Andersyds kan die onderwerp, op grond van bogenoemde skrywersagtergronde en waar dit die verloop van die militêre gebeure oor 'n tydperk van 'n paar dae betref, nie alleen as 'n unikum in ons geskiedskrywing beskou word nie, maar terselfdertyd tot navolging prikkel.

Wat ons besonder verwelkom, is dat die skrywer ook terdeë rekening gehou het met die invloed van menslike faktore soos onderlinge verhoudings tussen toonaangewende leiers, fisieke gesteldheid en die psigiese gemoedstoestand waaronder die mens verkeer en die uitwerking wat dit onder bepaalde omstandighede kan hê.

Hoofstuk 1 is gewy aan die ontvouing van die veldtog in Natal waar die Boere aanvanklik offensief opgetree en na die aankoms van Britse militêre versterkings tot die defensief oorgegaan het. In die volgende hoofstuk geniet sowel die Republiekeinse stellings aan die Benede-Tugela, om dié van die Heidelbergers en die bewaking van die front aan die Bo-Tugela, aandag. Dan staan die skrywer, in hoofstuk 3, langdurig stil by die herontplooiing van die Britse magte langs die Tugela en beskrywe hy die wedersydse artillerie-ontplooiing en die totstandkoming van die Britse aanvalsplan, waarvan — soos hy oortuigend bewys — genl. Buller nie alleen die militêre geestelike vader was nie.

Wat het, in die aangesig van hierdie bedreiging, verlammend op die Boerekrygsleiding gewerk? Op watter wyse is genl. Buller se beplanning afgerond en watter faktore het die Boere aan die vooraand van die Britse deurbraak beïnvloed?

Dit is belangrike aspekte wat in hoofstukke 5-8 belig is.

Hoofstuk 9 ('n Waardering van die militêre situasie) is o.i. een van die hoogtepunte van die studie.

Hier doen die skrywer, gedeeltelik gebaseer op lt.-kol. A. N. Burne se bekende werk *The Art of War on Land, illustrated by Campaigns and Battles of All Ages* (Harrisburg, 1947), 'n deur hom verder uitgeboude werkwyse aan die

hand waarvan sukses en mislukking tydens veldslae ontleed en verklaar kan word.

In dié verband noem hy o.m. die volgende: Die finale krygsleiding moet berus by een leier wat deur persoonlike optrede en heldere insig vertroue inboesem, ononderbroke kontak tussen front en hoofkwartier stimuleer vertroue, finale uitsluitsel word verkry slegs wanneer die aanval met 'n volgehoue agtervolging afgerond word, vir sukses in die geveg is die wil om te wen 'n bepalende faktor, daar moet beplan word om die opponent se terugtog af te sny, e.d.m.

Hierdie algemeen aanvaarde krygsnorme is verder uitgewerk in bylae 3. Waar daar, aan die kant van die verbondenes, in baie gevalle sprake was van versuim in dié opsig, kan dalk die vraag gestel word of 'n aantal van die genoemde norme ten volle toegepas kan word op die Boerestrydkragte wat kragtens hul agtergrond, organisasie en opleiding in menigvuldige opsig van hul opponente en ander tydgenote verskil het.

Hierdie opmerking doen geen afbreuk aan die studie as 'n geheel nie. Mag die skrywer se baanbrekende poging, wat as uiters geslaag beskou kan word, meerdere navorsers aanmoedig om soortgelyke steekproewe uit ons militêre verlede te neem. Dit kan slegs daartoe bydra om ons uitsig te verdiep.

Kmdt. Jan Ploeger.

Atiya Aziz, A.: *A History of Eastern Christianity.* 90s. Methuen and Co. Ltd., 1968.

Netsoos die Ooste self hou die geskiedenis van die Oosterse Kerk 'n sekere bekoorlikheid vir ons in. Dit is deels te wyte aan die aspekte in die kerklike liturgie en praktyk wat vir ons vreemd voorkom, maar seer sekerlik ook in die besondere geskiedenis van daardie Kerk, 'n Deeglike kennis van die vroeë Christelike Kerk is noodsaaklik vir elkeen wat soek na die wortels van ons eie belydenis — en baie van daardie wortels is in die ou Oosterse Kerk omdat die Christendom van daar na die weste gedra is. Die ou tradisies rondom sommige apostels, die strydpunte waaruit ons eie belydenis gekristaliseer het, benewens die hedendaagse belewenisse van daardie oeroue Kerke, herleef weer in hierdie interessante boek van prof. Atiya wat self 'n Kopt is en juis daarom so 'n fyn aanvoeling vir sekere aspekte waarteenoor ons vreemd en koud staan, kan hê.

Die boek dek nie alleen 'n lang historiese span nie, maar ook 'n wye geografiese gebied en 'n verskeidenheid stof — en tog is dit nie bloot 'n oorsigtelike relaas nie. Dit is 'n wetenskaplike werk waarin ons die gang van die Oosterse Kerke vanaf Noord-Afrika tot in Indië, die eeuelange worsteling van die Christendom met die Islam waarvan die kruistogte 'n belangrike hoogtepunt vorm, op verantwoorde wyse uiteengesit word. Die intieme wyse waarop die geskiedenis van die Kerk verweef is met die wêreldgeskiedenis blyk dwarsdeur hierdie werk en daardeur beklemtoon dit aan elke leser die Bybelwoord dat die Kerk in hierdie wêreld is. Maar die ander deel van die betrokke teks, naamlik dat die Kerk nie van hierdie wêreld is nie, staan ewe skerp uit. Dit is miskien die belangrikste verklaring vir die worstelstryd van die Kerk. Die groot tema van hierdie werk sou kon wees: die struikelinge van die Oosterse Kerk, wat nes

Hierdie werk bied veel vir die teoloog, die kerkhistorikus en die historikus en daarom word dit van harte aanbeveel.

A. H. v. Zyl.

Metrowich, F. R., *Africa and Communism — A Study of Successes, Set-backs and Stooge States*. Voortrekkerpers, 1967.

In hierdie werk van 261 bladsye poog die skrywer om in kortbestek 'n geheeloorsig van die suksesse en mislukkings van kommunistiese infiltrasie in Afrika, asook van die metodes en tegnieke wat by hierdie infiltrasieproses ingespan word, te gee.

Met die boodskap wat die skrywer in bogenoemde boek probeer oordra sal die ganse Christelike Kerk nie van hierdie wêreld mag wees nie, tydens sy spanningsvolle gang in hierdie wêreld. So gesien het die geskiedenis van die Oosterse Kerke, benewens die bekoring wat dit vir ons het, ook nog 'n ander betekenis vir die Westerse kerke en dit is dat daar steeds uit daardie veelbewoë verlede lering geput moet word.

iedereen wat die bedreiging wat Kommunisme vir ons Westerse-Christelike lewenswyse inhou, besef, saamstem. In die sin dus dat die skrywer tot ons emosionele gemoeidheid by die saak spreek, kan sy boek as nuttig beskou word.

Uit 'n suiwer akademiese of wetenskaplike oogpunt beskou, bied die boek weinig wat bevredig. Die geweldige omvang en kompleksiteit van probleme eie aan kontemporêre Afrika, is vir belangstellendes in dié onderwerp welbekend.

Tot op datum het oorvereenvoudigings, verabsolutering van oppervlakkige waarnemings, onwetenskaplike metodes en veralgemenings van ingewikkelde situasies, tot baie mistastings en drogredenasies aanleiding gegee. Sodoende is min of slegs negatiewe bydraes tot die opheldering van die probleme van ontwikkelende Afrika gelewer. Die groot sondebokke in dié verband was veral welmenende (en soms ook kwaadwillige) „algemeniste" wat met weining of geen wetenskaplike kennis van bv. die staatsleer, die ekonomie of die sosiologie, maar met vlytige penne en ryke verbeeldings die probleme van die kontinent probeer diagnoseer en oplos het.

Alhoewel die boek van Metrowich gegewens van 'n nuttige aard bevat en alhoewel 'n mens die skrywer se strewe om die gevare van kommunisme onder die openbare aandag te bring, met hom deel, kom die boek nog daardie sofistikasie wat sal meebring dat dit na die eerste deurleesslag weer en weer geraadpleeg word, kort.

Indien die skrywer sou gepoog het om die nou al oorbekende clichés te vermy, om sy trant minder anekdoties te maak en instede daarvan die dieperliggende sosiale en politieke motiewe of dryfvere wat deel van die dinamiese politieke proses in Afrika is, in verband met die praktiese manifestasies van kommunisme in Afrika probeer bring het, sou die werk ongetwyfeld as 'n meer blywende bydrae beskou kon word.

G. C. Olivier.

Ransford, O., *Bulawayo, Historic Battleground of Rhodesia*, Pp. 256, 81 ill. (4 kleur), 22 kaarte. Kaapstad, A. A. Balkema, 1968. R8.50.

Die maand November 1968 was in meer as een opsig 'n historiese herinneringsjaar vir Bulawayo. Op 2 November 1868 is Silkaats, koning van die Ma-

tabele, naby die Matopos begrawe; op 4 November 1893 is die vlag van die Britse Suid-Afrika Maatskappy in die mynerskamp gehys, die geboorte van Bulawayo, nou 75 jaar oud. Die skrywer begin sy relaas egter baie verder terug in die geskiedenis. Hy wys daarop dat die plek hoog lê, al word dit met vandag se snelvervoer nie altyd onmiddellik opgemerk nie. Gevolglik is die omgewing koeler as menige ander gebied. Die pre-historiese mens het hom reeds omstreeks 5000 v.C. in hierdie streek kom vestig. In die derde eeu van ons jaartelling is die ou bevolking deur onbekende stamme verdring. In die agtiende eeu kom die Bantoes en ontstaan gerugte oor die legendariese ryk van Monomotapa.

Silkaats breek weg van die Zoeloes in Natal en trek deur die Maricodistrik na vandag se suidwestelike Rhodesië. Vervolgens kom Robert Moffat en die sendelinge en Lobengoela volg op as koning van die Matabele. Die eerste Bulawayo was in Natal, in Shaka se tyd, die tweede was waar nou Goewernementshuis staan. Bietjie eenkant hiervan het die Europese kamp gelê en hieruit het vandag se stad ontwikkel. Die vroeë geskiedenis, die Matebele-oorlog en die dood van Lobengoela word uitvoerig nagegaan. Die karakterbeskrywing van die persone op die voorgrond van hierdie drama, word gegrond op toenmalige getuienisse wat beskikbaar is en hierdie rekonstruksies is so betroubaar as wat hulle maar moontlik kan wees. Daar word op besonderhede ingegaan op die „beleg" van Bulawayo tydens die Matabele-opstand, die verskillende gevegte wat plaasgevind het en die militêre gebeurtenisse in die Matopos. Die meriete en militêre taktiek, soos die misluk van die patrolliedienste, is noukeurig nagegaan en word van alle kante belig. Die groot aantal kaarte is hierby besonder nuttig. Ook van die militêre leiers en hul pogings kry ons 'n besonder goeie indruk. Bo almal staan Rhodes, wat die wel en wee van Bulawayo na aan sy hart gedra het. Dit was hy wat vroegtydig ingesien het dat 'n militêre oorwinning in die Matopos in verhouding te kosbaar sou word en hy het die eerste geleentheid aangegryp om onderhandelinge met die Matabeleleiers te begin, waarby hy by tye van groot persoonlike moed getuig het.

Inmiddels groei Buluwayo van 'n mynerskamp tot 'n dorpie, en daarna na 'n stad. Probleme van uitleg, hospitaaldiens en watervoorsiening moes aandag geniet. In die begin was dit 'n plek van hoofsaaklik bewoners wat aan goudkoors ly en wat vinnig ryk wil word. Drank speel 'n groot rol, maar die kulturele lewe was groter as wat mens onder die omstandighede sou verwag. Die rebellie het die bevolking nader aan mekaar gebring en die dorp word minder wild. Die koms van die spoorweg in Oktober 1897 bring, behalwe 'n week van feestelikhede, aanmerklike verandering en verbetering in die bestaansmoontlikhede. Die Tweede Vryheidsoorlog volg, Rhodes sterf in 1902 en word in die Matopos begrawe. Daar kom 'n lokale museum wat naderhand ontwikkel tot die Nasionale Museum, die Nasionale Argief en die Historiese Monumente Kommissie. Na 1918 verander Bulawayo vinnig van 'n myndorp na 'n industriële stad.

Die boek het drie belangrike bylaes. 'n Relaas met fotos van die ou Bulawayo en die moderne stad, word gevolg deur 'n oorsig in besonderhede van histories belangrike plekke in die onmiddellike omgewing en in die Matopos. Ten slotte is daar 'n beskrywing van die jaarlikse eerste-vrugteseremonies van die Matabele. Daar is 'n uitvoerige indeks en 'n bibliografie. Die fotos is duidelik en besonder interessant, die kaarte deur L. H. Curtis, verraai die hand van 'n

vakman. Soms kan 'n besonderheid anders belig word. Die kommando van Potgieter word byvoorbeeld nog uitsluitend vanuit 'n standpunt van vee- en grondroof beskou; ander skrywers het reeds die eensydigheid hiervan aangedui. Die verhouding tussen Moffat en Silkaats word vriendskapliker beskrywe as waarvoor daar, sekerlik van Moffat se kant, in die reisbeskrywings aanduiding bestaan.

Die boek is in die eerste plek 'n herinneringsuitgawe van die 75ste verjaarsdag van Bulawayo. Dit is egter baie meer. Ons het hier 'n uitvoerige geskiedenis van Matabeleland vanaf die vroegste tye tot vandag. Ons tref krygskundige feite en beskrywings aan wat elders slegs ten koste van veel tyd en moeite nagegaan kan word. Gevolglik is die boek nie net van historiese belang nie. Dit is 'n leerboek vir almal wat militêre opleiding geniet en wat in krygsgeskiedenis en taktiek belangstel.

F. G. E. Nilant.

Scheffer H. J., *November 1918. Journaal van een revolutie die niet doorging.* R3.40, pp. 312. Amsterdam, Uitgeverij De Arbeiderspers, 1968.

Die jaar 1918 was, met betrekking tot meerdere lande in Europa, 'n jaar van omwentelinge, onrus en ellende. In 1917 is die tsaristiese bewind in Rusland deur die Bolsjewiste omvergewerp, in 1918 het Oostenryk-Hongarye die stryd opgegee en kort daarna het politieke onrus in Duitsland begin wat tot die val van die keiser en, na verloop van tyd, tot die Weimar-bewind gelei het.

Ook 'n neutrale land soos Nederland het, tydens die laaste jaar van die Eerste Wêreldoorlog, met verskillende vraagstukke te kampe gekry. Deur die oorlogstoestand het die voedselvoorsiening sowel as die werkverskaffing met moeilikhede te kampe gekry. Onder vooraanstaande Sosialiste (dié party het geen deel aan die land se regering gehad nie), het die gedagte ontstaan dat ook in Nederland die tyd aangebreek het dat die arbeiders die bewind oorneem.

Die groot vraag was of die regering en hulle wat ander politieke sienswyses gehuldig het, dit sou toelaat indien die Sosialistiese leier P. J. Troelstra, wat bogenoemde gedagte uitgespreek het, saam met sy aanhangers die daad by die woord sou voeg. Hierdie en ander vraagstukke vorm 'n belangrike deel van die inhoud van dr. Scheffer se werk. Hy was enersyds gelukkig om, ten opsigte van sekere aspekte, oor waardevolle bronne te beskik, terwyl die toegang tot ander aan hom geweier is. Ofskoon die leser sterk onder die indruk kom van alles wat deur die skrywer geraadpleeg en verwerk is, bly daar — soos dr. Scheffer self volmondig erken — nog 'n groot aantal onbeantwoorde vrae oor.

Een daarvan wat in die lig van die internasionale gebeure in Europa in 1918 gesien van belang is, is die koms van oud-keiser Wilhelm II na Nederland. In hierdie verband kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat in elk geval die Nederlandse hof — en die toenmalige Nederlandse Minister van Buitelandse Sake — by die voorbereidings met betrekking tot die vlug van die oud-keiser na Nederland betrokke was, 'n aangeleentheid waaraan die skrywer heelwat aandag gewy het en waaroor ongetwyfeld in die toekoms nog meer verneem sal word.

Verder gaan hy op 'n diepgaande wyse op die vraag in wat tussen 9 en 17 November 1918 in Nederland gebeur het. Op 13 November 1918 het Troelstra besef dat hy in sy uitsprake te ver gegaan het. Tewens het die kragte wat teen 'n sodanige rewolusie was teen daardie tydstip aanhoudend sterker geword. Nederland is vir 'n rewolusie gespaar en dit is gedeeltelik te danke aan 'n

groep waartoe jonkheer A. F. de Savornin Lohman, dr. F. C. Gerretson en Dr. H. A. A. van Gybland Oosterhoff e.a. behoort het. In hierdie verband vestig die skrywer o.m. die aandag van die leser op die „Dagverhaal" van laasgenoemde wat in 1949 deur prof. dr. M. Bokhorst van 'n voorwoord en verklarende aantekeninge voorsien is en in die vorm van 'n publikasie van 28 bl. *(Drukkery Dieke, 's Gravenhage)* die lig gesien het.

Dr. S. verklaar o.m. dat nie almal daarvan oortuig is dat die „Dagverhaal" deur dr. H. A. A. van Gybland Oosterhoff geskrywe is nie. Sommige meen dat dr. Gerretson die outeur was, 'n mening waarmee die skrywer hom nie vereenselwig nie (bl. 37). Tewens het die skrywer die tekste van die in 1937 getikte en afgerolde „Dagverhaal" en die gedrukte teks van 1949 vergelyk en op 'n tweetal afwykings afgekom (p. 38), waarvan een die soms voorkomende verwisseling van O. en G. en die ander 'n weglating betref.

Hierdie opmerkings, wat terloops genoem word, het die skrywer nie daarvan weerhou nie om die „Dagverhaal" dikwels te raadpleeg as een van sy vernaamste bronne met betrekking tot die werksaamhede van die reeds genoemde groep as een van die organisasies wat hulle beywer het om die posisie van die Nederlandse koningshuis en die bestaande regering en almal wat die Oranjehuis en die toenmalige regering gesteun het te versterk en alle beskikbare kragte in dié verband saam te snoer.

In die „Dagverhaal" is o.m. verwys na die latere Nederlandse gesant in die Unie van Suid-Afrika, jonkheer W. F. van Lennep, en wyle mnr. C. Plokhooy wat lede van die genoemde groep was.

Na die kentering het op 18 November 1918 'n huldiging van Koningin Wilhelmina gevolg. 'n Tydperk van spanning het tot die verlede behoort!

Dit is slegs 'n paar aspekte van 'n insiggewende werk wat, veral met betrekking tot die optrede van dr. H. H. A. van Gybland Oosterhoff en die besonderhede aangaande oud-keiser Wilhelm, ook vir ons van belang is.

'n Suster van eersgenoemde het, na sy heengaan (1937) besluit om haar kosbare versameling boeke, geskrifte en voorwerpe met betrekking tot die Oranjehuis na die Universiteit van Pretoria te laat oorbring. Na die Tweede Wêreldoorlog is hierdie versameling wat o.m. met gegewens aangaande die besetting van Nederland en boeke van wyle dr. Van Gybland Oosterhoff aangevul is, na ons land verskeep en in 'n spesiale kamer in die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria opgestel.

J. Ploeger.

Sigurd von Ilsemann, *Der Kaiser in Holland. Aufzeichnungen des letzten Flügeladjutanten Kaiser Wilhelms II, aus Amerongen und Doorn 1918—1923 (deel I). Aufzeichnungen aus den Jahren 1924—1941. Monarchie und Nationalsozialismus (deel II).* Uitgegee deur Harald von Koenigswald. Pp. 336, 366. Biederstein Verlag, München, 1967, 1968.

In die geskiedenis van Duitsland, Wes-Europa en die wêreld tot en met die einde van die Eerste Wêreldoorlog het hierdie laaste keiser van Duitsland 'n rol gespeel wat deur verskillende skrywers op 'n uiteenlopende wyse beoordeel is, en waaromtrent daar in die inleiding tot bestaande boek 'n groot aantal waardevolle besonderhede vermeld is. In ons eie geskiedenis word keiser Wil-

helm II hoofsaaklik onthou met betrekking tot die telegram wat hy, na die welslae wat deur die Transvalers ten opsigte van die Jameson-inval behaal is, aan Staatspresident Kruger gestuur het.

In hierdie werk wat gebaseer is op die aantekeninge van adjudant Sigurd von Ilsemann, wat van 1918 tot 1941 in sy onmiddellike omgewing vertoef het, leer ons die keiser ken gedurende die jare van sy ballingskap (1918—1941), eers in Amerongen en vervolgens op die kasteel in Doorn.

Soos die geskiedenis dit wou hê, is oud-keiser Wilhelm II oorlede tydens die Duitse besetting van Nederland. Toe was Duitsland nie meer dié Duitsland wat hy geken en regeer het nie. Na die Meidae van 1940 het hy, opsetlik afgesonder, sy laaste lewensjare deurgebring as iemand wat nog al die jare die hoop gekoester het dat die Duitse volk hom nog eendag sou terugroep. Gedurende die winter van 1940 — 1941, so vertel Von Ilsemann op p. 346 van die tweede deel van sy werk, het die voormalige keiser 'n gesprek gevoer met 'n jong soldaat en hom o.m. oor die verlede van Duitsland gevra. By dié geleentheid moes hy ontdek dat die jeug hom vergeet het . . .

Die leser ontmoet die keiser vir die eerste keer op „Wilhelmshöhe" kort voordat Von Ilsemann die berig ontvang het dat die vyand daarin geslaag het om deur die Siegfriedlinie te breek, 'n gebeurtenis wat die keiser nie alleen woedend die vuis op die tafel laat slaan het nie, maar hom terselfdertyd laat besef het dat Duitsland die oorlog verloor het. Volgens hom was dit die skuld van Veldmaarskalk Hindenburg en Genl. Ludendorff wat hom gedwing het om te beveel dat die Duitse leërs tot dié linie terugval.

In die Groothoofkwartier (Spa) het die spanning in Oktober 1918 toegeneem. Groot verliese is te velde gely, terwyl die vyandelike oorwig aanhoudend groter begin word het. Op 24 Oktober 1918 het President Wilson sy eis gestel dat die keiser moet aftree en ook in links georiënteerde Duitse dagblaaie is dié eis gestel. Die keiser was nie van plan om aan hierdie eise gevolg te gee nie. Dan moet die regering maar padgee (p. 25). Genl. Ludendorff is deur hom ontslaan. Oostenryk het die wapen neergelê en dit het die keiser laat uitroep: „Om Oostenryk nie in die steek te laat nie, het ons die oorlog oor ons laat gaan. Nou laat Oostenryk ons in die steek."

Turkye het vredesvoorstelle van die Geallieerdes aangeneem, in Wenen heers chaos en rewolusie. Op 4 November het die keiser die front besoek, die volgende dag het 'n paar reserviste op 'n afstand verwensings na hom geslinger, die veertien punte van Wilson het gevolg en in Duitsland het die rewolusie uitgegebreek. Op 8 November is berig dat die Duitse Parlement die aftrede van die keiser eis wat, telefonies, tot 'n heftige woordewisseling tussen hom (in Spa) en die kanselier (in Berlyn) gelei het waarin die keiser gedreig het om, na die wapenstilstand, met sy troepe na Berlyn oor te kom om — indien nodig — dié stad in 'n puinhoop te verander. (p. 33).

Op 9 November, in Spa, tree die keiser af. Hy probeer nog om koning van Pruise te bly, maar verneem dat die troepe nie meer betroubaar is nie of volkome uitgeput is. Terugkeer na Duitsland was onmoontlik en op 9 November 1918 het Von Ilsemann verneem dat die oud-keiser die volgende dag na Nederland sou vertrek.

Die oud-keiser kon hom aanvanklik nie met dié besluit vereenselwig nie. Wat sou met hom gebeur indien ook daar die rewolusie sou uit-

breek? Die hoftrein was op dié tydstip reeds op pad na Luik. Vandaar is die reis met 'n aantal motors voortgesit en nadat die oud-keiser en sy geselskap deur Beierse grenswagte deurgelaat is, het hy en die syne op neutrale grondgebied gestaan. Aan die rewolusie het hy ontsnap, maar sou die Nederlandse regering hom asiel verleen? Die reis is voortgesit na Eijsden, waar die trein (kort daarna) op Nederlandse grondgebied aangekom het. Ure van spanning het gevolg, maar kort voor middernag is die oud-keiser daarvan verwittig dat die Nederlandse Kabinet eenparig besluit het om die gevraagde asiel te verleen.

Aanvanklik sou die oud-keiser ten huise van Graaf Bentinck, te Amerongen, vertoef; daarna sou hom 'n vaste verblyfplek aangewys word. Kort daarna het oud-keiserin Auguste Viktoria na Amerongen oorgekom. 'n Tydperk van spanning het gevolg. Sou die Nederlandse regering swig vir die druk wat uitgeoefen is om die oud-keiser uit te lewer? Hierdie vraagstuk, wat in 1920 sy hoogtepunt bereik het, is opgelos deurdat die Nederlandse regering voet by stuk gehou het.

Die oud-keiser, sy gemalin en sy gevolg het na „Huize Doorn" vertrek waar die oud-keiserin hom ontval het (1921).

Daar het die banneling in 1922 in die huwelik getree met prinses Hermine von Schönaich-Carolath (1922), sy oë gerig gehou op die gebeure in Duitsland en steeds die hoop bly koester dat die Duitse volk hom nog eendag sou terugroep. Duitse geleerdes (o.m. Frobenius) het van tyd tot tyd voordragte in Doorn gehou, vooraanstaande aanhangers van die ou regime het oorgekom, in spanning is die staatsgreep-poging deur Hitler en Ludendorff (Nov. 1923) deur die oud-keiser gevolg en, na die mislukking, veroordeel. Die oud-kroonprins het uit sy ballingskap in Nederland (Wieringen) na Duitsland teruggekeer en die oud-keiser het beweer dat slegs onder keiserlike leiding rus en orde in Duitsland sou terugkeer. Diktatuur is deur hom verwerp omdat op dié wyse die Duitse strydkragte, m.a.w. die mag, in „verkeerde" hande sou kom.

In 1922 het die oud-keiser se gedenkskrifte onder die titel „Ereignisse und Gestalten" verskyn.

In Februarie 1924 het hy, tydens 'n wandeling, vir die soveelste keer weer verklaar dat hy sy jeug vir sy volk opgeoffer het en dat dieselfde volk hom in November 1918 verban het. Hy het die Duitse adel verwens, verklaar dat hy bedroë voel en verbitter is, en dié offisiere aangeval wat hoogverraad sou gepleeg het. (Deel II, pp. 10—11).

Dikwels het hy gedink dat hy almal moet wantrou (p. 37). In Desember 1927 het hy geglo dat daar in Mei 1928 oorlog sou uitbreek, dat dan die monargie herstel sou word en hy orde in Duitsland sou kon teweegbring (p. 75).

Die publikasie van die gedenkskrifte van Von Bülow het die oud-keiser kritiek laat uitspreek.

In Januarie 1931 het Hermann Goering die banneling besoek (pp. 153—154) en hom belowe om hom vir sy terugkeer te beywer en ruim twee jaar later was Von Ilsemann van gedagte dat die oud-keiser hoop dat Hitler en sy aanhangers hom op die troon sal bring (p. 214), 'n mening waarmee die adjudant nie saamgestem het nie.

In Februarie 1938 het hy Genl. Werner von Fritsch en al die offisiere veroordeel omdat hulle aan Hitler toegegee het in plaas om van hierdie geleentheid gebruik te maak om hulleself van die Nazis te bevry (p. 300).

Die Tweede Wêreldoorlog het uitgebreek en op 17 Junie 1940 het die oudkeiser Hitler telegrafies gelukgewens met die oorwinning in Frankryk. Weliswaar het Hitler die ontvangs hiervan erken, maar die uitgewer stel dit duidelik dat die oud-keiser niks van Hitler kon verwag nie.

In Mei 1941 het die einde gekom van hom wat tydens sy ballingskap aanhoudend alles in sy vermoë probeer bewerkstellig het of die monargie uit die dae van weleer te herstel. As gevolg van hierdie begeerte het hy al te dikwels die ware toestand van sake en partypolitieke verhoudings en -programme in sy land in 'n verkeerde lig gesien.

Hy het Duitsland nie meer geken nie. Die jonger geslag het hom nie meer geken nie, die ouer geslag het hom gedeeltelik vergeet of gehaat en die nuwe maghebbers in Duitsland na 1933 het hom, tot tyd en wyl dit nie meer nodig was nie, as 'n speelbal gebruik.

Almal wat belangstel in hierdie geskiedenis word sterk aangeraai om bogenoemde werk ter hand te neem.

J. Ploeger.

*Boekaankondiging*

Kmdt. Jan Ploeger, M.A., M.Ed., D.Phil., Akad. (bygestaan deur maj. H. J. Botha, M.A., T.H.O.D.). *Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop — Gister en Vandag.* Pretoria, 1968, 96 bl., met illustrasies.

In hierdie publikasie, die eerste van die Militêr-Historiese en Argivale Dienste van die SAW, wat deur 'n inleidende woord deur die toenmalige Hoof van Weermagsadministrasie, Genl.-maj. C. H. Hartzenberg, SSA, SM, voorafgegaan word, is 'n poging aangewend om op 'n populêr-wetenskaplike, maar terselfdertyd verantwoorde wyse en op grond van dokumentêre gegewens die belangstellende leser een en ander mee te deel oor die toenmalige fortebou rondom Pretoria.

Agtereenvolgens is behandel: Die voorspel tot die fortebou, bewapening en fortebou, die voorbereidende werksaamhede en die begin van die fortebou, en die voltooiing van *Fort Schanskop, Fort Klapperkop, Fort Wonderboompoort* en *Fort Daspoortrand.*

Oorspronklik was die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek van plan om meer forte rondom die Hoofstad te bou ten einde 'n moontlike bedreiging, wat uit 'n herhaling van die Jameson-inval kon voortspruit, te voorkom.

Verdeeldheid in regeringskringe het tot gedeeltelike voltooiing van die oorspronklike plan gelei (1897).

Vervolgens word o.m. aandag aan die besetting en die bewapening, die elektrisiteits-, water- en voedselvoorsiening gewy.

Ten tye van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899) is besluit om die geskut geleidelik na die gevegsterreine oor te bring. Hiermee het, ook wat die besetting van die forte betref, 'n tydperk van aftakeling begin.

In Junie 1900 was die forte onbeman en volkome ontwapen.

Kortliks volg dan 'n aantal besonderhede aangaande die forte tot 1966, die

jaar waarin Fort Klapperkop, in sy verjongde voorkoms, 'n nuwe bestemming — in die vorm van 'n krygsmuseum — gekry het.

Ruim 60 foto's, kaarte en tekeninge lig die teks toe wat met 'n lys van die vernaamste geraadpleegde literatuur en argivale bronne eindig.

Van hierdie werk bestaan ook 'n uitgawe in Engels, getitel: *The Fortification of Pretoria — Fort Klapperkop — Yesterday and Today ...*

Dit is 'n amptelike publikasie wat deur die Staatsdrukker gedruk is en ongetwyfeld 'n leemte vul waar dit ons kennis van ons militêre verlede betref. Soos Genl.-maj. C. H. Hartzenberg, SSA, SM, in sy inleidende boodskap verklaar het, is dit „'n deel van die verlede van hulle wat, as selfbewuste vryheidsoekers en statestigters, bereid was om groot offers te bring vir die behoud van een van hul grootste skatte, hul vryheid en onafhanklikheid."

In sy boodskap het Genl.-maj. Hartzenberg tewens, m.b.t. hierdie publikasie verklaar: „Mag dit u in alle opsigte met regmatige trots ten opsigte van 'n selfbewuste en doelgerigte voorgeslag besiel en u terselfdertyd by voortduring bly aanspoor om u eie geestelike en militêre weerbaarheid, u liefde vir ons land en volk, gedurig te versterk en te veredel om — indien in dae van nood die roepstem tot u sou kom — dieselfde offers te bring as waarvoor 'n vryheidsliewende voorgeslag nooit ofte nimmer teruggedeins het nie."

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Brooke, Z. N.: *A History of Europe 911-1198.* 35s, pp. xx, 553. Methuen and Co. Ltd., London University Paperback, 1969. (First published 1938).

Bury, J. P. T., *France 1814-1940* 18s, pp. xii, 348. Methuen and Co. Ltd., University Paperback, 1969. (First published 1949).

Hinchliff, Peter, *The Church in South Africa.* 9s 6d. pp. xii, 116. London, S.P.C.K. for the Church Historical Society 1968. (Church History Outlines, edited by V. H. H. Green).

Glass, Stafford, *The Matabele War.* R4.75, pp. xvii, 308. Longmans, 1968.

Medlicott, W. N., *British foreign policy since Versailles, 1919-1963.* 22s, pp. xxi, 362. Methuen and Co. Ltd., University Paperback, 1968. (First published 1940. Second edition revised and enlarged 1968).

Mitford-Barberton, I. and White, Violet, *Some frontier families. Biographical sketches of 100 Eastern Province Families before 1840.* R5.95, pp. 303. Human en Rousseau, Cape Town and Pretoria 1968.

Redfield, Robert, *The primitive world and its transformations.* R1.10, pp. 188. Penguin Books, 1968. (A Peregrine Book).

Schoeman, Henri, *Leierskap sleutel tot sukses.* R1.60, pp. 134. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968.

Scullard, H. H., *Roman world 753 to 146 B.C.* 28s, pp. xiv, 480. Methuen and Co. Ltd., University Paperback London, 1969 (First published 1935).

Sydenham, M. J., *The French Revolution.* 21s, pp. 255. Methuen and Co. Ltd., University Paperback, 1969. (First published 1965).

West, T. W., *A History of architecture in Italy,* 35s, pp. xxiv, 230. University of London Press Ltd., 1968.